

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

MUSIEK SG
(Tweede Vraestel:
Musiekgeskiedenis en Vorm)

POSSIBLE ANSWERS OCT / NOV 2006

VRAAG 1
VERPLIGTEND

1.1 Wat is die belangrikste funksies van elk van die volgende onderafdelings in sonatevorm?

- | | |
|----------------------------------|-----|
| 1.1.1 Eksposisie (Uiteensetting) | (2) |
| 1.1.2 Brug | (1) |
| 1.1.3 Kodetta | (1) |
| 1.1.4 Ontwikkeling | (1) |
| 1.1.5 Heruiteensetting (Reprise) | (1) |
| 1.1.6 Koda | (1) |

1.1.1 Eksposisie (uiteensetting)	Vaslegging van die tema-materiaal OF • Eerste temagroep in tonika • Brug • Tweede temagroep in dominant • Kodetta	2 ½ ½ ½ ½
1.1.2 Brug	• Skakel wat lei van die eerste tema na die tweede tema, in werklikheid ? modulatieskakel	
1.1.3 Kodetta	• Rond die uiteensetting af in die dominant of verwante toonsoort	
1.1.4 Ontwikkeling	• Ontwikkeling van materiaal van die uiteensetting	
1.1.5 Heruiteensetting (Reprise)	• Herintrede van tema-materiaal	
1.1.6 Koda	• Rond beweging af sonder ? stomp einde	

1.2 Verduidelik VYF van die volgende: (10)

- 1.2.1 Opera buffa
- 1.2.2 Opus
- 1.2.3 Simfonie
- 1.2.4 Timbre
- 1.2.5 Operette
- 1.2.6 Leitmotiv
- 1.2.7 Variasie
- 1.2.8 Idée fixe

1.2.1 Opera Buffa	Italiaanse komiese opera
1.2.2 Opus	Letterlik “werk”, gebruik deur komponiste om die volgorde van komposisies aan te dui, bv. Opus 1, Opus 2
1.2.3 Simfonie	Orkestrale komposisie wat oor die algemeen bestaan uit vier bewegings en ontstaan het in die Klassieke tydperk
1.2.4 Timbre	Toonkleur of spesifieke klankkwaliteit wat instrumente van mekaar onderskei
1.2.5 Operette	Ligte opera met gesproke dialoog, dikwels met ? lighartige plot
1.2.6 Leitmotiv	Melodiese, ritmiese en/of harmoniese motief geassosieer met ? persoon, ding of idee in operas
1.2.7 Variasie	Komposisietegniek waarin musikale idees herhaal word met enkele veranderinge
1.2.8 Idée fixe	Letterlik “fixed idea”; ? melodie in die musiek van Berlioz wat geassosieer word met ? nie-musikale idee en herhaal word deur die loop van die werk


1.3 Noem die komponist van **AGT** van die volgende werke: (8)

1.3.1 *Verrassing Simfonie*


1.3.2



1.3.3



1.3.4



1.3.5 *Don Carlos*

1.3.6 *Rigoletto*

1.3.7 *Violsnates, Op. 96 (Kreutzer)*

1.3.8 *Falstaff*

1.3.9 *Orfeo et Euridice*

1.3.10 *Strykkwartet in F majeur, Op. 18 No. 1*

1.3.11 *Tristan und Isolde*

1.3.12 *La Melodica Germanica*

1.3.13 *Harold in Italy*

1.3.1	F. Haydn
1.3.2	F. Schubert
1.3.3	R. Wagner
1.3.4	H. Berlioz
1.3.5	G. Verdi
1.3.6	G. Verdi
1.3.7	L. von Beethoven
1.3.8	G. Verdi
1.3.9	C.W. Gluck
1.3.10	L. von Beethoven
1.3.11	R. Wagner
1.3.12	J. Stamitz
1.3.13	H. Berlioz

[25]

NB: BEANTWOORD ENIGE TWEE VRAE VAN VRAE 2, 3 EN 4.

**VRAAG 2
OPERA**

- 2.1 Definieer *aria* en noem een aria uit die derde bedryf van Verdi se opera *Rigoletto*, asook die karakter wat hierdie aria sing.

(4)

Definieer <i>aria</i>	Vokale komposisie vir solostem of somtyds vir meer as een stem met instrumentale begeleiding. Kom gewoonlik voor in opera, oratoriums, kantates
Noem een aria uit die derde bedryf van <i>Rigoletto</i>	<i>La donna è mobile</i>
Karakter	Hertog

- 2.2 Beantwoord die volgende vrae:

2.2.1 Wat word ? laat agtiende-eeuse Duitse komiese opera met gesproke dialoog genoem?

(1)

2.2.2 Noem TWEE Italiaanse komiese operas deur Mozart.

(2)

2.2.1 Singspiel.

2.2.2 *Die Huwelik van Figaro*
Don Giovanni
Così fan tutte

(Enige twee operas)

2.3 Noem VIER tipiese kenmerke van Verdi se operas. (4)

- Ernstige stemming
- Geloofwaardige karakters
- Orkes en dekor ondergeskik
- Tonele kort en intens
- Vertoon vir dramatiese doeleindes
- Latere werke minder konvensioneel met meer musikale kontinuïteit
- Minder pouses tussen seksies
- Minder kontras tussen aria en resitatief (Enige vier korrekte kenmerke)

2.4 Verduidelik kortliks die volgende in Wagner se Musiekdramas:

- 2.4.1 Libretto (2)
- 2.4.2 Orkes (3)
- 2.4.3 Leitmotivs / oneindige melodie (3)
- 2.4.4 Harmonie en tonaliteit (3)

Libretto

- Gewoonlik gebaseer op Duitse of Noorse legendes
- Skryf sy eie librettos

Orkes

- Skep nuwe toonkleur-kombinasies en ryk, gevarieerde teksture
- Dikwels groot strykseksie, houtblasers-seksie en koperblaser-seksie
- Perkussie speel ? belangrike rol
- Ontwerp ? teater gebou vir hom by Bayreuth met ? Orkesput gedeeltelik op die verhoog ingebou, sodat die sangers hulle stemme maklik kan projekteer oor die gehoor

Leitmotiv / Oneindige melodie

- In plaas van die strukturerings van afsonderlike resitatiewe, arias en kore, ens. bewerkstellig Wagner musikale en dramatiese kontinuïteit deur die skryf van (wat hy noem) 'oneindige melodie' wat deurgaans voorkom in die tekstuur deur middel van kort temas wat oor die algemeen leitmotiewe genoem word
- Elke motief verteenwoordig ? karakter of ? emosie, soos bv. ? onderwerp (die swaard, die ring) of ? plek (Rynrivier of Valhalla, die tuiste van die gode)
- Gedurende die loop van die opera ontwikkel Wagner deurgaans hierdie motiewe en verander en transformeer dit volgens die situasie op daardie tydstip.

Harmonie en tonaliteit

- Ryk, chromatiese styl
- Komplekse alterasie van akkoorde
- Gedurige toonsoortverandering
- Vermoë oplossings van dissonante (Enige korrekte feite)

2.5 Noem DRIE bekende musiekdramas van Wagner. (3)

- *Der fliegende Holländer*
- *Lohengrin*
- *Tristan und Isolde*
- *Die Meistersinger von Nürnberg*
- *Der Ring des Nibelungen* of dramas uit die siklus

[25]

VRAAG 3 DIE SIMFONIE EN SIMFONIESE TOONDIG

3.1 Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Definieer *simfonie*. (2)

3.1.2 Noem EEN simfonie van J. Stamitz asook EEN tipiese stylelement van sy simfonieë. (2)

3.1.1 Definieer <i>simfonie</i>	Orkestrale komposisie, bestaan gewoonlik uit vier bewegings wat ontstaan het in die Klassieke tydperk
3.1.2 Noem EEN simfonie van J. Stamitz	<i>La Melodica Germanica, No. 3</i>
EEN tipiese styl-element van sy simfonieë	Enige een van die volgende: • Stoomroller effek 'Mannheim crescendo' • Stygende tertsfingure 'Mannheim vuurpyl'

3.2 Beantwoord die volgende vrae:

3.2.1 Watter genre het al die volgende kenmerke? (1)

een beweging, orkesmusiek, programmaties, laat-Romanties

3.2.2 Noem TWEE programsimfonieë deur Berlioz. (2)

3.2.1 Simfoniese toondig.

3.2.2 *Symph onie Fantastique*

Harold in Italy

Grande Messe des Morts

Les Troyens

(Enige twee)

3.3 Noem VYF tipiese kenmerke van Haydn se simfonieë (5)

- Gewoonlik drie tot vier bewegings
- Eerste beweging – sonatevorm
- Menuet en Trio (Derde beweging)
- Ligte, helder tekstuur
- Houtblasers ? onafhanklike seksie
- Melodie verdeel in duidelike frases en kadense
- Modulasie na na-verwante toonsoorte ens. (Enige vyf korrekte kenmerke)

- 3.4 Skryf kort aantekeninge oor Beethoven se *Simfonie No. 5 in C mineur*. Verwys na die
- 3.4.1 aantal bewegings (1)
 - 3.4.2 stylkenmerke (3)
 - 3.4.3 vorm (4)
 - 3.4.4 tonaliteit (2)
 - 3.4.5 openingsmotief (2)
 - 3.4.6 timbre (1)

Aantal bewegings

- Vier

Stylkenmerke

- Handhaaf deurgaans eenheid deur die gebruik van ritmiese tegnieke, bv. sinkopasie, onverwagte aksente, dissonante, ens.
- Fugale tegnieke kom dikwels voor
- Wye klankomvang
- Dramatiese kragtige akkoordkwaliteit
- Uitgebreide sonatevorm

Vorm

- Eerste beweging: Sonatevorm
- Tweede beweging: ? Stel variasies op twee temas
- Derde beweging: Scherzo en trio
- Vierde beweging: Sonatevorm

Tonaliteit

- Begin in C mineur
- Eindig in C majeur

Openingsmotief

- Die stemming van die werk word dadelik vasgelê deur die basiese verenigende ritme van die eerste vier note
- Kenmerkend van die openingsmotief is die ritme – drie kort note van gelyke waarde gevolg deur ? langer noot
- Viernoot-motief weer gebruik in derde beweging

Timbre

- Middelmattige groot orkes wat bestaan uit strykers, houtblasers, koperblasers en timpani

[25]

VRAAG 4 KAMERMUSIEK

- 4.1
- 4.1.1 Definieer *kamermusiek* Musiek vir klein ensemble, gewoonlik met een voordraer vir elke party en geen dirigent nie (2)
 - 4.1.2 Definieer *strykkwartet* Strykensemble wat bestaan uit twee viole, een altviool en een tjello (2)
 - 4.1.3 Komponis van *Vierde Strykkwartet (1928)* B. Bartók (1)

- 4.1.4 Kenmerkende ritme van Hongaarse volksang  (1)
- 4.1.5 Watter kamermusiekwerk is ? stel van variasies op ? Forellekwintet (1)
bekende lied van Schubert?
- 4.1.6 Instrumente gebruik vir *Klavierkwintet in A majeur* Klavier, viool, altviool, tjello en kontrabas (5)
deur Schubert
- 4.2 Skryf kort aantekeninge oor Beethoven se strykkwartette. Verwys na (3)
- 4.2.1 Beethoven se individuele styl. (3)
- 4.2.2 *Strykkwartet in F majeur, Op. 18 No. 1.* (4)
- 4.2.1 – Kwartette minder ? medium vir die amateur
– Benader die kwartet met min inagneming van die beperking van die voordraers of gehoor. Verwag dat beide uitsonderlik moet wees
– Gebruik die kwartet as ? medium vir eksperimentasie
– Tonale verwantskap duidelik
– Musikale idees kan duidelik gevolg word deur die ontwikkeling van motiewe
– Skerp aksente, dissonante en vinnige verandering van toonsoort in een beweging (Enige korrekte feite)
- 4.2.2 – Bekendste van sy vroeë kwartette
– Eerste viool, tweede viool, altviool, tjello
– Elke speler speel belangrike tematiese materiaal en vereis vaardige spelers
– Eerste beweging: transformasie van die kort openingsmotief, homofoniese en polifoniese tekstuur
– Vier bewegings: sonatevorm, A B A-vorm, sonate, rondovorm (Enige korrekte feite)
- 4.3 Bartók se *Musiek vir Strykers, Perkussie en Celesta* is ? voorbeeld van twintigste-eeuse kamermusiek. Noem SES stylkenmerke van twintigste-eeuse musiek wat in hierdie werk voorkom. (6)
- Invloed van volksmusiek
 - Oktaafverplasing – die speel van opeenvolgende note van ? melodie in verskillende oktawe
 - Poliritmes
 - Toontrosse
 - Orkes van middelmatige grootte met strykinstrumente, perkussie-instrumente en celesta
 - Tekstuur: Homofonies met ? mate van kontrapunt
 - Eerste beweging: Fuga
 - Bereik unieke sintese van oud en nuut (Enige korrekte feite)

[25]

TOTAAL: 75